RAADSKENNISGEWING 2 VAN 2020

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED HELDERBERG-STELLENBOSCH (WYK)

(Ingevolge Artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewerments-kennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990)

Neem kennis dat Uva Mira Vineyards (Pty) Ltd by die Wyn- en Spiritusraad aansoek gedoen het vir die afbakening van die produksiegebied Helderberg-Stellenbosch (Wyk) om Wyn van Oorsprong te produseer.

Omskrywing van voorgestelde wyksgrens

Die voorgestelde Helderberg-Stellenbosch Wyk (Fig. 1) se grens begin in die nek tussen Stellenboschberg en Helderberg by Grootnek (529 m) en die bolope van die Blouklipprivier. Voorts volg dit die loop van die Blouklipprivier afwaarts in ‘n noordelike en westelike rigting tot by die R44, en sluit Jamestown en ander nie-landbouareas uit. Vandaar volg dit die R44 algemeen suidwaarts tot teenaan die residensiële gebied van Bel Aire en vandaar die noord-suid waterskeiding teen Helderberg op tot teenaan die kruin. Voorts volg dit die kruin (waterskeiding) van die berg in ‘n noord-oostelike rigting tot waar dit weer aansluit in die nek wat Helderberg en Stellenboschberg skei, die beginpunt hierbo genoem.

Geologie

Die voorgestelde wyk bestaan meestal uit goedverweerde graniet- (N-Ck) en grouwakgronde (Nf) (Fig. 2). Sommige van die gronde is van binêre oorsprong waar jonger, sanderige Tafelberg Sandsteen-materiaal die primêre gesteentes oorlê. (Qgg)

Aspek

Die voorgestelde Helderberg-Stellenbosch Wyk front meestal (29.3%) in ‘n noord-westelike rigting (pienk gedeeltes; Fig. 3) wat meebring dat hierdie hange meer sonligradiasie as die suid-oostelike hange van die berg ontvang. Sowat 71% van die voorgestelde wyk se aspekte lê tussen noord en wes, wat in groot teenstelling is met die suidelike en suid-oostelike hange van Helderberg.

Die voorgestelde grense is ter insae by www.sawis.co.za "Sertifisering – Nuus en inligting” of kontak Jackie Cupido by 021 807 5704.

Enigeen wie beswaar het teen die aansoek, moet sy/haar beswaar, met opgaaf van redes, skriftelik indien by Olivia Poonah (olivia@wsb.org.za), Die Sekretaris, Wyn- en Spiritusraad, Posbus 2176, Dennesig, Stellenbosch, 7599, binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing.